Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 3, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# OUTEURSKAP VAN 'HISTORIESE OPSTELLE'

**BRIG W. OTTO***

**The writer of the article wishes to allert the historiographer, to the many pitfalls that may accost him in his search for the truth. Sources must at all times be regarded critically, if the acceptance of untruths is to be avoided. The example quoted and discussed, is that of Gustav S. Preller's *'Historiese Opstelle no 9'*.**

Vir die historiograaf is daar baie slaggate waarvoor gewaak moet word in sy soeke na die waarheid. Kritiese beoordeling van bronne moet voortdurend aktief beoefen word om te voorkom dat onwaarhede vir waar aanvaar word.

Tydens navorsing oor die SA Artilleriekorps is 'n verwysing in 'n D Phil-verhandeling na *Historiese Opstelle No 9* van Gustav S. Preller gekry. Hierdie spesifieke opstel se opskrif is *Ons Militêre Tradisie,* met 'n subtitel in hakies, *Geskiedenis van die Boer as Artilleris.* Aan die einde van die opstel word die datum van skrywe as 1913 aangegee. Die bundel *Historiese Opstelle* is in 1925 uitgegee.

In hierdie opstel gee Preller die ontstaansgeskiedenis van die Boer se militêre tradisie met spesifieke aandag aan die Zuidafrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat se artillerie. Opvallend is Preller, wat geen militaris was nie, se siening oor taktiek. Selfs sy kennis oor artillerie bring die leser onder die indruk van sy kennis oor 'n onderwerp wat buite sy veld val.

Verdere navorsing oor die SA Artilleriekorps lei tot die ontdekking van vier artikels in *Die Brandwag* onder die opskrif: *Ons Suid-Afrikaanse militaire tradisie,* met subtitel *Die Afrikaner as krygsman, en meer bepaald as Artilleris.* Die skrywer word aangegee as J. L. Pretorius, Majoor S.A. Die datums van die vier artikels is 14 Junie 1910, 28 Junie 1910, 15 Julie 1910 en 1 Augustus 1910. Ook 'n vyfde artikel in *Die Brandwag* van 1 September 1910 is deur maj Pretorius geskrywe. Slegs die subtitel verskil van die eerste vier. Dit lui: *Eerste Blokhuise in Suid-Afrika, die Pretoria Forte en die laaste Oorlog.* Tog handel hierdie laaste artikel ook oor die artillerie.

Die ooreenkoms tussen maj Pretorius se artikels en Preller se opstel is ooglopend — soms woordeliks — dieselfde. Enkele voorbeelde hiervan sal genoeg wees:

Pretorius skrywe (*Brandwag,* 14 Jun 10, p 7):

> 'Met die Groot Trek is die kommandestelsel 'n nieuwe en veel vinniger ontwikkelingsfase ingetree. Die voormanne van die Trek was veelal kommandante gewees onder die Engelse bestuur, so's bv Piet Retief; . . . '

Preller skrywe (*Historiese Opstelle,* p 133):

> 'Met die Groot Trek het die kommandestelsel 'n nuwe en veel vinniger ontwikkelingsfase ingetree. Die voormanne van die Trek was veelal kommandante gewees onder die Engelse bestuur, soos Retief, Pretorius, Landman, du Plessis, en meer ander: . . . '

Pretorius skrywe (*Brandwag* 28 Jun 10, p 69):

> 'Dieselfde met die ander wapen, wat in Suid-Afrika ontwikkel is: berede-infanterie. Die wapen sowel als die aanwending daarvan is iets wat bijna geheel en al behoort tot die krijgs-geskiedenis van ons land.
>
> O'er die algemeen kan uit dié geskiedenis aangetoon worde, hoe hier ontwikkel en tot grote volmaaktheid gebreng is:
>
> 1°. die wapen van berede-voetgangers;
> 2°. die lager-vorm als verplaasbare vesting verdediging teen onbeskaafde vijand;
> 3°. verdeling van die batterij-eenheid in seksie- en stuks-eenhede in die aktiewe diens'.

Preller se weergawe (*Historiese Opstelle,* p 135):

> 'Dieselfde met die ander wapen, wat in Suid-Afrika ontwikkel is: berede-infanterie. Die wapen sowel as die aanwending daarvan is iets wat byna geheel en al behoort tot die krygsgeskiedenis van ons land. Oor die algemeen kan uit dié geskiedenis aangetoon word, hoe hier ontwikkel en tot grote volmaaktheid gebring is:
>
> 1°. die wapen van berede-voetgangers;
> 2°. die laer-vorm as verplaasbare vesting-

verdediging teen 'n onbeskaafde vyand;
3°. verdeling van die battery-éénheid in seksie- en stuks-éénhede in die aktiewe diens'.

Selfs die byskrifte by die foto's is dieselfde. Opmerklik dat *Historiese Opstelle* in 'n meer moderne Afrikaans geskrywe is. Verder is *Historiese Opstelle* meer realisties en kronologies gerangskik as wat Pretorius se artikels is. Pretorius se artikels is dus verbeter, maar nie bygewerk nie.

Hierdie opvallende ooreenkoms tussen die twee gepubliseerde stukke, het verdere ondersoek genoodsaak.

Johannes Lodewicus, beter bekend as Lood Pretorius, gebore op 24 Mei 1871, was die derde kind van Henning Petrus Nicolaas Pretorius, 'n voormalige bevelvoerder van die ZAR Staatsartillerie. Lood Pretorius werk aanvanklik as amptenaar in die kantoor van die Kommandant-generaal van die ZAR, maar sluit later by die Pretoria Vrywilliger Kavallerie Korps aan. In Januarie 1896 word hy tweede luitenant by die Staatsartillerie. Hy neem aan die Anglo-Boereoorlog deel en word tydens die oorlog bevorder tot majoor. Hy word in 1901 gevang en as krygsgevangene na St Helena vervoer. Na die totstandkoming van die Unieverdedigingsmag word hy lid daarvan tot 1914 toe hy, met die Rebellie, as offisier uittree.

Pretorius se knaphandigheid met kanonne het, aldus oorlewering, die bekende uitdrukking 'Skote Petoors!' tot gevolg gehad.

Uit hierdie kriptiese lewensskets, soos vervat in die Biografiese Woordeboek (Deel III, p 710), kan afgelei word dat Pretorius deeglik opgelei was in die krygskunde. Uit sy pen kon artikels soos die in *Die Brandwag* verwag word.

Gustav S. Preller is as historikus so algemeen bekend dat 'n lewensskets onnodig is. Genoeg om te sê dat Preller agtereenvolgens winkelbediende, prokureursklerk, klerk en reeds voor die Anglo-Boereoorlog hoofklerk in die departement van mynwese was. Hy maak as lid van die Staatsartillerie die groot slae aan die Natalse front mee. Hy tree ook op as oorlogskorrespondent vir *De Volksstem* en *De Zoutpansberg Wachter*. Vier maande voor die einde van die oorlog word hy gevang en na Indië verban.

Wanneer Preller lid van die Staatsartillerie geword het, meld die Biografiese Woordeboek (Deel I, p 673) nie. Hy was egter nie 'n opgeleide artilleris nie.

Uit die voorgaande inligting wil dit voorkom asof Preller die artikels van Pretorius slegs in moderne Afrikaans geskrywe het en gewetenloos onder sy eie naam gepubliseer het. So maklik is dit nie, die probleem gaan dieper.

Preller tree in 1898 in die huwelik met Johanna Christina Pretorius, tweede dogter van lt kol H. P. N. Pretorius. Hy en Lood Pretorius is dus swaers. Gedagtewisseling tussen swaers oor artillerie en krygskunde was dus baie moontlik.

Die kontakpunt word egter nouer as in aanmerking geneem word dat Preller in 1910, benewens ander redakteursposte, ook stigterslid en mederedakteur van *Die Brandwag* word.

Nou kry die vraag oor die outeurskap van die artikel onder bespreking, 'n ander kleur. Die vraag kan nou andersom gestel word: was Pretorius werklik die skrywer of het Preller die artikels geskrywe, met sy swaer se hulp, onder sy swaer se naam.

Preller skrywe in die Voorwoord tot *Historiese Opstelle* die volgende:

> 'Ons Militêre Tradisie het ek geskryf vir die eerste uitgawes van 'De Brandwag.'

Hy beweer dus dat hy die artikels geskrywe het, terwyl Pretorius se naam as outeur daarby pryk. Het die Redaksie van *Die Brandwag* gedink dat maj Pretorius se naam by die artikels die leeswaarde daarvan sou verhoog of het Preller dit bloot herskrywe en dit so sy eie gemaak. Dit wil so voorkom, maar Pretorius is eers in 1939 oorlede en *Historiese Opstelle* is reeds in 1925 gepubliseer. As daar oneerlikheid by die publikasie betrokke was, sou Pretorius sekerlik kapsie gemaak het. Klinkklare antwoorde sal seker nooit gevind word nie.

Gevalle soos hierdie noodsaak historici om geen bron op sigwaarde te aanvaar nie. 'n Historikus soos Preller staan hoog aangeskrewe en sy bronne word sonder om na te dink aanvaar. Dit kan die historiograaf in 'n slaggat laat beland wat sy betroubaarheid weer bevraagteken.

* Brig W. Otto MA, is Direkteur Dokumentasiediens van die SAW